14 OKTOBER 2018

09:00 Dankfees
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Welkom terug na die vakansie!

18:00 Dankfees en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Jakkie Strachan

19:00 Belydenisklas – Kapel
Dankbaarheid (Grootgroep)

21 OKTOBER 2018

09:00 Erediens
Quintus Smit

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Almal welkom!

18:00 Aanddiens en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Jeanri Bezuidenhout & Fay van Eeden
Doopvieringsgeleentheid

19:00 Belydenisklas (afsluiting)
Belydenisaflegging: wie, wat en hoe? (Kleingroep)

Gemeentekoor – 25 November Aandkerssangdiens

Ons wil graag 'n koor, wat uit verskillende generasies bestaan, saam stel vir hierdie jaar se Aandkers-sangdiens. Die koor sal slegs twee maal (in die week voor die diens en op die dag self) saam oefen. Belangstellendes kan vir Armand Fourie kontak by 084 513 3914.

Oktobermaand is tradisioneel dankiemaand in Lynnwood en baie ander gemeentes regoor die land. U het die afgelope week 'n brief en 'n e-pos ontvang oor ons dankiemaand wat tot die einde van November strek. Oorweeg die saak asseblief ernstig.

Baie dankie van die van Tonders

Baie dankie vir al die meelewing, liefde en gawes wat ons deur die uitdagende tyd dra. Ons ervaar dat ons vasgehou word soos die “cirlce of friends”.

Ons ontvang soveel interne en eksterne gawes te midde van die uitdagings. Die Here is so goed!

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse Bybelstudie** (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. **Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

TEESKINK GR 7 OUERS:

Ouers van die Graad 7's word vriendelik versoek om asseblief te help tee skink na die Aanddiens op 21 Oktober. U hulp word opreg waardeer. Navrae: Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.

NUWE LIDMATE-TEE – 21 OKTOBER

Die Gasvryheidsbediening nooi al die nuwe intrekkers na 'n *Nuwe Lidmate-tee* volgende Sondag na die erediens in die Kapel.

LYNNWOOD KNUBBEL AANDMARK VERGADERING - 15 OKTOBER

Almal wat met die reëlings van ons eerste knubbelmark wil help vergadering die 15de Oktober, 19:00 tot 20:00 in die Kapel. Vir meer inligting kontak vir Fay van Eeden 083 478 0854.

NAGMAALSFEES IN DIE SAAL – 28 OKTOBER

Ons hou Nagmaalsfees tydens die Aanddiens. Almal word genooi om die geleentheid by te woon. Bring asseblief jou eie piekniekmandjie met versnaperinge en drinkgoed saam.

Aanbiddingsleier-vakature - inligting op die web.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005,
Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

Kontak van die week:

Lynnwood se kerkgebou is vanjaar op 16 November vyftig jaar gelede feestelik in gebruik geneem. Ons vier dus vanjaar hierdie mooi geleentheid. Met die oog daarop gaan die Kontak oor die volgende paar weke deur lidmate en oud-predikante geskryf word.

HERINNERING

Ek onthou goed die dag in 1968 toe die kerk in gebruik geneem is en hoe opgewonde ons oor die mooi gebou was. Die vorige jaar, op 31 Oktober 1967, 450 jaar na die Reformasie, is die hoeksteen gelê met die leuse daarop: *Ecclesia Reformata semper reformanda* - die kerk van die Reformasie moet altyd reformeer.

Die waardering vir die Reformasie het ‘n sterk invloed op die die argitektuur van die kerkgebou gehad. Die gebou moes sober wees, die liturgiese ruimte voor moes skoon wees met net die kansel - met die Bybel – en die tekens van die twee sakramente daarop. Vir blomme was daar nie plek nie. Die banke is sonder kussings sodat die gemeente nie onder die Woordverkondiging slaap nie en ‘n toring met ‘n klok sou net die Middeleeuse bygeloof bevestig dat die klok die bose geeste in die lug weglui. Die kruis voor teen die muur het heelwat bespreking voorafgegaan, want op daardie stadium was die kruis as simbool nie gebruiklik in die NG Kerk nie.

Sondag 16 November 1968 het ds Murray Jansön die eerste preek in die nuwe gebou gelewer. Sy teks was uit Eksodus waar die Here vir die Israeliete in die woestyn die opdrag gee om die ark te bou. Weerskante van die ark moes daar ringe wees waardeur die drahoute kom sodat die ark daaraan gedra word wanneer die volk trek. Selfs wanneer die volk nie trek nie, mag die drahoute nie uitgehaal word nie, want die drahoute moet ‘n teken wees dat die Here voortdurend met sy volk op pad is. Net so is die Here ook met die kerk op weg: die kerk van die Reformasie moet altyd reformeer.

Die gemeente van Lynnwood was toe wel op pad en het nie gestagneer nie. Daarvoor is daar deur die jare baie voorbeelde, voorbeelde van hoedat die kerk sy roeping binne ‘n veranderde politieke en sosio-ekonomiese klimaat verstaan en op baie fronte op eg profetiese wyse voorgeloop het.

Ons gemeente is steeds met God op pad en dit lyk vir my asof ons verder oor die betekenis van die drahoute nadink. Ons ontdek al hoe meer dat dit nie alleen ‘n simbool daarvan is dat die Here met sy kerk op pad is nie, maar dat dit ook ‘n simbool van die heiligheid van die Here is: die ark mag nie direk aangeraak word nie. In ‘n post-moderne wêreld besef ons al hoe meer dat ons nie oor God beskik nie, dat ons Hom nie vir ons alleen kan toeëien nie en dat ons nie alles van Hom weet nie. Ons respek vir die Goddelike misterie groei steeds, sodat ons gemeente steeds in nederigheid voor Hom wandel (Miga 6:8).

Johan Jooste

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die *Info*-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Gemeenskap

Kuns Uniek (25jr) 17 Okt - 18 Nov 2018 by Chappiesweg 331, Lynnwood: Skilderye, Keramiek, Beelde en Juwele. Dinsdag tot Vrydag vanaf 10:00 – 18:00; Saterdag en Sondag 10:00 – 17:00 (Maandag gesluit). Navrae Marie Spruyt 083 268 8713.

Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend benodig. Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

Herwinningshousers is in die parkeerarea (Sussexlaan)– bring gerus herwinbare artkels.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.